

## TIPPING POINT ONDERWERPE VIR GEBED, VANAF 1 OKTOBER 2018.

### Inleiding.

*Dankie dat jy steeds saambid. Hiermee ons gebed punte vir tydperk vanaf 01/10/2018. Ons dateer die gebed punte op +/- 2 weekliks, soos die Here ons lei.*

*Die punte is gerangskik dag vir dag sodat jy elke dag oor 'n verkillende onderwerp kan bid. Ons bid in essensie vir dieselfde sake, die klem verskil soos die Here dit op ons hart lê. Ons volg die voorbeeld wat die Here self vir ons gee in die gelykenis van die onregverdige regter – God nooit ons uit om aanhoudend oor dieselfde sake te bid en nie moeg of moedeloos te word nie. Soos die vrou dieselfde saak dag vir dag voor die regter gebring het, presies so, nooit die Here ons om dieselfde sake voor Sy troon toe kom lê, vas in die wete dat Hy SAL hoor (Jesaja 62:6-7. Lukas 18:1-8)*

### Daaglikse gebed: "It's time, 27 Oktober 2018)

*Ons vra vir daaglikse gebed vir die "It's time" byeenkoms geskeduleer vir 27 Oktober 2018. Hierdie byeenkoms is van soveel belang en waarde vir die toekoms van ons land, dat dit daaglikse gebed regverdig, tot en met 27 Oktober, nie waar nie?*

*Ons almal onthou hoe geseënd was die 22 April gebedsbyeenkoms in Bloemfontein. Skeptici sal daarop wys dat uiterlik gesproke nie veel gebeur het na die byeenkoms nie, intendeel, ons kan argumenteer dat dinge nog verder versleg het. Maar dit gaan nie net oor uiterlike, sigbare veranderinge nie. Ons geveg is nie teen vlees en bloed nie (Ef. 6). Daar is 'n onsigbare mag wat verslaan en geskuif moet word, alvorens ons in die sigbare realm verandering gaan begin beleef. Ons kan egter weet en glo dat elke gebed in hierdie land besig is om daardie onsigbare mag te stuit en te skuif. Die grootste fout wat ons nou kan maak is om op te hou bid omdat daar niks sigbaar besig is om te gebeur nie. Elke gebed, ja joune ook, is 'n instrument in God se hand om die gety in ons pragtige land te draai, en die oomblik wat die geveg in die onsigbare gewen is, sal ons dit ook sigbaar sien en beleef, en sal dit nie wonderlik wees nie! Ek pleit by jou, doen soveel moeite moontlik om die its time byeenkoms by te woon, ons gebede is nie tevergeefs nie!*

Ons bid vir:

- Oom Angus Buchan:
  - Beskerming vir hom en sy gesin teen die vyand se aanslae.
  - Vir 'n woord van die Here oor presies waaroor om te preek en oor saam te bid.
- God se seen oor elke administratiewe en logistieke reeling, dat alle reëlings glad sal verloop.
- Dat die Here 'n onweerstaanbare drang in mense sal werk om moeties te doen om by te woon en saam te bid.
- Dat 'Its time 2' die spring bord vir 'n landwye, God geweekte herlewing sal wees

### Maandae: Grondeise en hervorming.

*Soos ons alreeds genoem het: Grond, plase en grondhervorming is baie emosionele sake, wat 'n groot deel van ons bevolking raak. Sommige is bereid om onmiddellik die wapen op te neem, ander is net so bereid om te sterf vir wat hulle voel is hulle regmatige stuk grond in Suid-Afrika. Een feit bly staan: Sonder 'n hemelse ingryping, sonder hemelse wysheid vir die regering en sonder hemelse vrede tussen partye, staan ons land op 'n mespunt en die rand van potensiale chaos. Ons bly pleit vir Goddelike deurbreke in grondhervorming en besettings en onderneem om die Here al die eer te gee. (Psalms 50:15 – en roep **My** aan in die dag van benoudheid, Ek SAL jou help en jy sal My eer...)*

- Ons bid vir elke boer – swart, blank, kleuring, Indiër.
  - Vir kalmte, rustigheid en verdraagsaamheid.
  - Dat swaarkry en bedreiging ons boere en hulle plaaswerkers na die Bybel en gebed sal dryf, eerder as na geweld en die wapen.
  - Ons bid vir versoening tussen boere en plaas werkers waar dit nodig mag wees.
- Ons bid vir die regering – vir hemelse wysheid om die grond kwessies reg te hanteer
- Ons bid vir Pres Ramaphosa vir spesiale wysheid, insig en durf om die regte dinge te doen en sê.
- Ons weerstaan elke bose mag wat onenigheid, vyandskap en geweld in ons land wil dryf.

### **Dinsdae: Hofsaak Gaum vs NG kerk. (selfde geslag huwelike)**

*Een van die redes vir hierdie saak is omdat die NG kerk sinode op 'n stadium bereid was om kompromie te maak met wat duidelik in die skrif geskrywe staan. (Lees in Lering afdeling les nr. 10 oor 2 kronieke meer hiervan)*

*Ons bly bid vir 'n gunstige uitspraak in die hofsaak, maar ons bely terselfdertyd dat ons as kerk bereid was om kompromie aan te gaan t.s.v. duidelike riglyne in die Woord.*

- Ons vra die Here om ons kerk en sy leiers te vergewe oor verkeerde besluite en beslissings in die verlede, waar kompromie met die waarheid van God se Woord gemaak is. Ons dank die Here vir Sy belofte dat Hy nie net ons as kerk sal vergewe nie, maar ook sal reinig en seen soos ons vorentoe beweeg. (1 Joh 1:9)
- Ons bid dat die waarheid (soos in die Here se Woord vervat) sal seëvier.
- Ons bid dat die leun (alles en enigiets teenstrydig met God se Woord) ontbloot en tot niet gemaak sal word.
- Ons bid dat die gesag en outoriteit van God se woord herstel en bevestig sal word.
- Ons vra die Here om enige hof uitspraak wat ons predikante sal dwing om teen die woord en hulle eie gewetens op te tree, te stuit en tot niet te maak.
- Ons bid dat die Here die regters goddelike wysheid en insig sal gee en hulle harte sal draai as dit teen die Here se wil in wil besluit. (Die Here rig die harte van konings soos waterstrome (spreuke 21.1))

### **Woensdae: Polisie, weermag en gevangenis dienste.**

*Dit le swaar op ons harte om vir ons polisiemanne en vroue te bid. Daarmee saam almal wat op een of ander manier betrokke is om die vir ons veiliger te maak (sekuriteit dienste, weermag, gevangenis dienste, ens) Daar bestaan geen meer ondankbare (of onveilige) taak as dit van polisieman/vrou. Kom ons tree in voor die Here vir hierdie onselfsugtige en dapper mense. Daarmee saam vir almal in bevel en leierskap in polisie, weermag, gevangenis dienste.*

- Ons bid vir elke polisieman en polisievrout vir Goddelike beskerming terwyl hulle hulle gevaarlike dagtaak uitvoer.
- Ons bid vir leierskap van ons polisiemagte, weermag en gevangenis dienste.
- Ons vra dat die gevaar en werklikheid van die dood vir elkeen sal dwing om te begin dink oor die lewe na die dood, en die ewigheid. Ons vra dat God se Gees baie sal oortuig oor die noodsaaklikhede van bekering / wedergeboorte.
- Ons bid vir landswye herlewing in ons polisie, weermag en gevangenis dienste. **Jesus in the heart of every policeman / woman.**

- Ons bly bid teen misdaad en geweld in die vaste vertroude die Here se wapens (geestelik) is sterker as die wêreld se wapens.

### **Donderdae: Skole, universiteite, kolleges.**

*Eksamen tyd is op hande. Kom ons dra elke skolier en student aan die Here op. Nie net dat hulle sal slaag in hulle eksamens nie, maar bowenal **dat die Here vir hulle 'n toekoms sal gee in ons pragtige land.** Ons moenie dink dat die onstuimigheid en onsekerheid in ons land nie vir skoliere en studente raak nie – dit raak hulle intens. Ons vra die Here dat die onsekerheid oor hulle toekoms in Suid Afrika hulle nader aan Hom sal bring, nie verder weg nie!*

- Ons bid vir elkeen wat hierdie jaar skool of universiteit of kollege klaarmaak. Ons vra die Here om vir hulle 'n toekoms in ons land te gee, en hoop om nie moedeloos te raak nie. Ons vra dat onsekerheid studente en skoliere nader aan Jesus, nie verder weg sal dryf nie.
- Ons bly bid vir elke leerling / student vir:
  - Ontvanklike harte vir die Woord en evangelie.
  - Beskerming teen verkeerde invloede en “bullying”
  - Beskerming teen onreinheid, verkeerde verhoudings, verkragting en pornografie.
  - Beskerming teen die mag en houvas van dwelms, alkohol.
- Ons bid vir herlewing in ons skole, kolleges en universiteite. **"Jesus in the heart of every scholar and student"**

### **Vrydae- Verkiesing 2019, ekonomie en regering**

*Ons bly intree vir 2019 se verkiesing. Onthou jy hoe het ons gebed voor 1994 se verkiesing. en die Here het geantwoord, tot so 'n mate dat die wêreld in stomheid aangekyk het. BBC het 'n dokumentêr oor ons gemaak – “South Africa – “n miracle rising” Selfs sekulêre media moes herken, God het 'n wonder gedoen. Hy sal dit weer doen – as en wanneer Sy kinder tot hom roep. Kom ons deurdrenk die 2019 verkiesing met gebed, in die vaste wete ons God is 'n hoorder van gebed!*

*Bo en behalwe die verkiesing bid ons vir ekonomie, en ons bly intree vir elke werklose in ons land. Pres Trump het binne 18 maande 4 miljoen nuwe werke geskep in die VSA – D.w.s. 4 miljoen gesinne wat nie meer op die broodlyn leef nie. Mag die Here deur die verkiesing en ons regering iets soortgelyk in ons land kom doen!*

- Ons bid vir Pres Ramaphosa. Ons glo hy is die Here se gekose leier vir Suid Afrika, juis vir n tyd soos hierdie (Ester 4:14) Ons pleit by die Here vir hom:
  - Vir beskerming en bonatuurlike wysheid om ons land reg en regverdig te lei
  - Dat Mnr. Ramaphosa meer en meer sy afhanklikheid van die Here sal besef, sodat elke besluit in oorstemming met die Here se woord en wil geskied.
- Ons bid vir die 2019 verkiesing – dat die Here die wat Hom en Sy woord teëstaan sal verwyder, en ons land 'n regering sal gee wat God dien en vrees.
- Ons bid teen alle vorms van korrupsie. Ons vra die Here om korrupte politici uit te wys en te verwyder uit hulle poste. Ons bid dat die geld wat gemors en gesteel word d.m.v. korrupsie eerder aangewend sal word om werkgeleenthede te skep vir die miljoene wat desperaat opsoek is na werk.
- Ekonomie. Ons bid vir 'n omdraai in die ekonomie, wat sal lei tot voorspoed en die skep van baie werkgeleenthede. Ons bly bid vir elke werklose, asof dit ons is wat self sonder werk sit.

## Saterdag – Kerke

*“The church is not a protest organization. The church has a message of hope for a dying and lost world, its business is to proclaim that message” (Dr. M. Lloyd Jones, Britse prediker) Dit is hartseer maar waar – die kerk in Suid-Afrika het tot ’n groot mate sy profetiese strem verloor. Ons vra die Here vir gees vervulde predikers, gerugsteun deur ’n golf van gebed, om Suid-Afrika te begin omkeer, soos wat Whitfield en die 2 Wesley’s dit in Engeland gedoen het, 200+ jaar gelede.*

Ons Bly bid vir kerke dwarsoor ons land:

Kerklidmate:

- **Vir nuwe bekerings.**
- Vir geestelike groei en verdieping by bestaande lidmate.
- Dat elke lidmaat saam met hom/haar “n boodskap van hoop sal uitdra vir “n verlore gaande wêreld.

Predikers – ons bid vir ons predikante landwyd.

- Dat predikers landwyd ’n boodskap van hoop van die kansels af sal verkondig vir ’n verlore gaande wêreld.
- Vir ’n dieper verhouding met die Here, dag vir dag.
- Vir ’n kragtige en groeiende gebed lewe.

Kweekskole, Bybel skole en kolleges.

- Vir geesvervulde professors en mentors om ons jong predikers op te lei.
- Dat enige dwaalleer ontbloot en verwyder sal word.

## Sondag – Families en gesinne.

*“As the family goes, so goes the nation”... Die huwelik en gesin is God se bousteen vir gemeenskappe en nasies. Die huwelik is egter deur God ontwerp en kom net tot sy reg as daar aan God se reëls en vereistes voldoen word. Kom ons vra die Here vir herstel van huwelike dwarsoor ons land, tot eer van sy Naam.*

- Ons bly bid teen hierdie bese aanslag op huwelike
  - Dat huwelike wat op die rand van egskeiding staan gered sal word. (Miskien ken jy iemand met ’n huwelik wat swaarkry – bly asb. bid vir daardie persone en hulle kinders, vir redding vir die gesin) Vra die Here dat die bese nie in sy plan sal slaag om daardie huwelik te vernietig nie)
- Ons bly bid dat mans sal opstaan om hulle verantwoordelikheid as pa en geestelike leier van die gesin weer in te neem.
- Ons bly bid dat ma’s nie so beroeps gefokus sal word dat gesinne en veral kinders daaronder ly nie.
- Ons bly bid vir gebroke huishoudings.
  - Enkel ouers dat hulle Jesus se liefde toenemend sal ervaar, nie moedeloos sal raak nie en op God se tyd weer ’n huweliksmaat sal vind.
- Weeskinders.
  - Bid dat God self sal ingryp om die kindertjies genadig te wees.
  - Bid dat die kerk sal opstaan en meer en meer sy rol begin speel in die oppas van weeskinders. (in lyn met die bybelse opdrag in Jak 1:27)

**Ons dank elkeen wat deelneem by voorbaat vir julle gebede – ons weet dis nie tevergeefs nie!**

Seën, MPG gebed span.